6 Februarie 2022

Hoërskool Kategese

1 Korintiërs 15:1-11

wat wil jy vandag bereik?

Jy kry vandag die geleentheid om 'n baie belangrike deel van die evangelie met die jongmense deur te gesels.

Dit sal die aanbieder dalk help om ook ***Die Storie Agter Die Groot Storie*** van NOUS deur te gaan, want hier is 'n paar belangrike idees en begrippe wat ons onder die knie moet kry om sinvol oor die evangelie te kan praat.

Ons moet uitkom by die vraag: hoe verander dit ons lewe?

Ter wille van gemeentes
wat gewoond is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Wat is 'fake news'? Hoe besluit jy of iets geglo kan word of nie? Hoe weet jy of iets waar is of nie? Wie sê die 'fact checkers' se 'facts' is waar?

Wat is die belangrikste: jou geestelike lewe of jou skoollewe?

Wat is die belangrikste: om elke dag te oefen of om elke dag Bybel te lees? Watter verskil, dink jy, is daar tussen die 'dinge van die Here' en 'gewone, wêreldse dinge'? Tussen siel en liggaam?

word stil

Lees Ps 138 en fokus op vers 6-8

Ja, al is die Here hoog verhewe, Hy gee om vir die nederige...
As die nood my oorval, hou U my in die lewe teen die woede van my vyande in:
U strek u hand uit, u regterhand red my.
Die Here sal vir my alles goed laat afloop.
Aan u liefde, Here, is daar geen einde nie.
Moet tog nie die werk van u hande laat vaar nie.

Hoe voel jy as jy dit lees?

Lees en bid die laaste twee reëls oor en oor – totdat jy dit toe-oë kan bid.

GOD se storie
wat sê die Bybel (daar en dan)

lees 1 Korintiërs 15:1-11 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.

."

gesels dan oor die volgende saam

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Waarna verwys die 'Skrifte'? Hoekom is dit vir Paulus en die ander dissipels so belangrik dat alles wat hulle sê gemeet moet word aan dit wat die Bybel (in daardie stadium was dit nog net die Ou Testament) sê?
- Hoekom is dit so belangrik om te glo dat Jesus uit die dood opgestaan het? Hoe sal jy dit aan iemand verduidelik wat nog nie 'n gelowige is nie?
- Hoekom het Paulus so in detail ingegaan op wie almal vir Jesus fisies gesien het, nadat Hy uit die dood opgestaan het? Hoekom is die Bybel (nie) betroubaar (nie)? Waarna sou die 'fact checkers' vandag kyk om seker te maak dat die evangelie nie 'fake news' is nie?
- Wat beteken 'Hy het vir ons sondes gesterf?' Hoe werk dit? Hoe kan iemand anders *my* skuld betaal?
- Skryf saam 'n geloofsbelydenis op grond van 1 Kor. 15:1-11. Met ander woorde wat sê Paulus is die dinge wat ons moet glo? Probeer dit gou verduidelik asof die res van die groep dit *nie* glo nie.
- Dink julle Paulus het 'n swak selfbeeld gehad? (Volgens vers 9 en 10). Hoekom (nie)? Hoe moet ons oor onsself dink?
- Watter bewyse is daar dat Jesus vandag nog leef? Watter bewyse is daar in *jou* lewe dat Jesus leef? Die feit dat Jesus opgestaan het uit die dood en jou skuld vir sonde betaal het *moet* jou lewe verander! Hoe verander dit jou lewe?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Paulus sê in vers 1 dat hulle in die evangelie 'gevestig staan'. The Message sê 'on which you took your stand'. Dis nie altyd maklik om vir die Here en die evangelie te 'staan' nie. Hoe kan ons mekaar help om vas te bly staan?

Hoe verskyn Jesus vandag aan jou en my? Hoe kan ons weet Jesus is 24/7 by ons?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Maak beurte in die groep om elkeen een element op 'n slag te bid:

Aanbidding
"Here, ek aanbid U, want..."
Belydenis
"Here, vergewe my vir..."
Voorbidding
"Ek bid vandag vir..."

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Danksegging
"Dankie, vir..."
Eie behoeftes en toewyding
"Here, help my om..."